# Teks en ideologie

**Heilna du Plooy**


## Opsomming

Ideologie speel 'n belangrike rol sowel in die literatuur as in die kontemporêre literatuurstudie. In hierdie artikel word die begrip ideologie omlyn deur die ooreenstemmende aspekte van verskillende definisies uit te lig. Die verband tussen taal, literatuur, gemeenskap en ideologie word aan die orde gestel. In 'n poging om die verhouding tussen literatuur en ideologie literatuurwetenskaplik te beredeneer, word ondersoek ingestel na die maniere waarop ideologiese kwessies in verskillende literatuurwetenskaplike benaderinge hanteer is. Voorbeelde uit die literatuur self word aangehaal, want hieruit blyk die verskeidenheid van vorme en gedaantes van ideologie wat in artistieke tekste manifesteer. Enkele kernuitsprake van Jameson en Eagleton, wat as twee toonaangewende Marxistiese literatuurwetenskaplikes beskou word, word beredeneer. Die aanwesigheid en belang van ideologie, op eksplisiete of implisiete wyse in die literatuur self en in literatuurwetenskaplike studies word aanvaar as 'n belangrike insig. Die siening dat die enigste geldige ideologiese grondslag die Marxistiese model is, word as reduktief beskou en bevraagteken.



## Summary

Ideology plays an important role in literature and literary studies. In this article the concept of ideology is delimited by looking for corresponding aspects in different definitions. The interconnectedness of language, literature, society and ideology is indicated. In an effort to talk about ideology in literature without relinquishing either literature or literary theory, the contributions of different theoretical approaches to the study of ideology in literature are examined. The variety of forms in which ideology manifests in artistic texts (explicitly or implicitly) is demonstrated by quoting examples. Jameson and Eagleton are regarded as two of the more important Marxist literary critics. Statements by these two theorists are analyzed critically. That ideology forms part and parcel of literature, literary theory and literary studies is accepted as an important insight. The idea that Marxist criticism is the only relevant or valid ideological model is challenged. Taking into account the scope of existing literature and theory and the variety of ideologies which underlie literature and theory alike, a single approach seems reductive and unsatisfactory.


## 1 Inleiding

Wanneer 'n mens oor teks en ideologie praat, moet daar seker eers gevra word: wat is 'n teks? En wat is ideologie? Miskien moet 'n mens vra: wat kan 'n teks alles wees of wat kan alles onder die term teks verstaan word? Wat kan alles onder die term ideologie tuisgebring word?

Hierdie twee maniere waarop die vrae verwoord is, illustreer twee sieninge van taal. Sommige mense sal die eerste twee vrae verkies, ander die meer relatiewe aard van die tweede stel. Sommige sal voel die betekenis van woorde moet iewers vasgeknoop, afgesluit of beperk word, ander sal voel dit is nie moontlik nie.

In hierdie artikel word die probleme rondom die aard van betekenis van taal en literatuur, en die implikasies van ideologiese benaderinge tot die

literatuur bespreek, maar die bespreking word beperk tot die literatuurwetenskaplike aspekte van die probleem.

### 1.1 Teks en ideologie

Die tekste wat vir hierdie betoog relevant is, is tekste waarvan die literêre aard algemeen aanvaar word en teoretiese tekste wat hulle met die literatuur, literêre tekste en aangeleenthede daar rondom besig hou.[1]

Die woord ideologie gebruik ek doelbewus in 'n taamlike wye sin. Die meeste definisies van ideologie het sekere elemente gemeen, maar dit bly 'n wollerige begrip wat lê op die grense van filosofie, religie en algemene lewens- en wêreldbeskouings. Van die elemente wat in die meeste definisies voorkom, is die volgende die opvallendste:

- 'n Ideologie is 'n sisteem van waardes, opvattings, motiewe en norme.
- Hierdie sisteem is nie net gerig op die verstaan en verklaar van sake in die werklikheid nie, dit is juis gerig op die praktyk in die sin dat die werklikheid daardeur gevorm, hervorm of omvorm moet word.
- Die ideologie bepaal dus die optrede van die aanhangers daarvan, maar die ideologie word terselfdertyd tot stand gebring deur die denke en optrede van mense.
- 'n Ideologie wil sy selfgekose doel verwesenlik met welke middele ook al daarvoor nodig mag blyk te wees.
- 'n Ideologie funksioneer gewoonlik binne 'n bepaalde groep wat dié bepaalde denksisteem bevorder en uitleef. Die ideologie kenmerk dan weer die groep.[2]

Markiewicz (1979: 115) verwys na navorsing wat twaalf tipes definisies van ideologie onderskei, maar wat hier ter sake is, is die verengde definisie wat in die Marxistiese denke gebruik word. Marx en Engels beperk die term tot die valse en foutiewe bewussyn wat berus op die illusies en mistifikasie wat deur die verteenwoordigers van die heersende klasse aan die ondergeskiktes voorgehou word ter wille van mag. Binne die Marxistiese tradisie is daar ook wyer en enger definisies, maar die verengde politieke betekenis is die element wat die definisies kenmerk.[3]

'n Groep beskou gewoonlik sy eie ideologie as norm en sien ander denksisteme as ideologieë. Daarom is gemeenskappe of groepe dikwels onbewus van die ideologiese implikasies van dit wat hulle dink en doen. 'n Ideologie kan selfs tot uiteindelike lewensdoel verhef word sodat die ideologie soos 'n gesekulariseerde religie funksioneer.[4] Die element van ideologie wat oral teruggevind word, is die band met die werklikheid. Die materiële werklikheid verskaf die aanleiding, motivering, aard en omvang van die ideologie en die sisteem word deur *mense* (bewustelik of onbewustelik) uitgedink, uitgeredeneer en uitgeleef.[5]

## 2 Literatuur, taal, gemeenskap en ideologie

Dat daar 'n noue verband tussen taal en literatuur en gemeenskap bestaan, en dat ideologie 'n bepalende rol speel in gemeenskappe en gevolglik in 'n

gemeenskap se taal en literatuur, word algemeen aanvaar. Die maniere waarop hierdie verhoudinge of verbande funksioneer en die wyse waarop dit bestudeer kan/moet word, lewer die probleme op, te meer omdat welke manier van doen ook al gekies word, die keuse self ideologies bepaal is.

In die literatuurwetenskap word die probleem op die spits gedryf omdat, binne die verengde siening van ideologie as polities bepaald, die bestudering van dinge, oftewel akademiese en wetenskaplike aktiwiteit, luukshede is wat ons eintlik nie kan bekostig nie.[6] Die proses van die studie is slegs geldig as dit in die werklike stryd gebruik kan word (vergelyk Eagleton 1983: 194).

Hierdie artikel wil ten aanvang gegewens uit die literatuurwetenskap aanbied om die verskeidenheid en omvang van die literatuurwetenskaplike metodes aan te toon. (Die veronderstelling is dat die literatuur self 'n selfs groter verskeidenheid vertoon.)

## 2.1 Literatuurwetenskaplike gegewens

Dit gaan hier primêr om die implikasies van die bestudering van kwessies rondom die basiese komponente van die literêre teks – die skrywer, sy gemeenskap, die taal, die ontvanger en die ideologiese strukture onderliggend aan die komponente.

Die verband tussen literatuur en gemeenskap (wat implisiet taal en die ideologie van die gemeenskap, soos wat dit bestaan in 'n bepaalde kultuur, insluit) is in vroeëre literatuurwetenskaplike beskouinge hoog aangeskryf.

In die hermeneutiese tradisie[7] het eksegete onder meer baie aandag gegee aan die historiese aspek: met die doel om die betekenis van die teks vir kontemporêre lesers sinvol te maak moes die eksegeet (dikwels ook vertaler) die afstand tussen die oorspronklike teks en die leser oorbrug.[8] Hulle moes dan die sogenaamde "oorspronklike" betekenis vind en op verstaanbare wyse sinvol verduidelik (al was dit slegs in die proses van vertaling). Met hierdie oogmerk is die skrywer en die taal wat hy besig, sowel as die taal en kultuur van die gemeenskap waarin hy geleef en geskryf het, bestudeer. Gadamer (Nethersole 1982: 153) praat van 'n samesmelting van horisonne. "The prime concern for the fundamental historicity of all human utterances and all human understanding" (Nethersole 1982: 153) van die hermeneutiek, vind 'n mens steeds in die resepsie-teorie, in die ondersoeke na die implisiete leser (Iser) en spesifiek in die konsep van die verwagtingshorison (Jauss).[9]

Jauss se werk sluit aan by die Tsjeggiese strukturalisme, veral by Mukařovský en Vodička, wat hulle onder meer besig hou met 'n studie van die ontwikkeling van estetiese bewussyn en die mate waarin dit supra-individuele eienskappe vertoon: dit sluit dus die gesindhede wat in 'n bepaalde tydvak ten opsigte van literatuur en lewe geld, in (vergelyk Fokkema & Ibsch 1977: 147).[10]

In al die sogenaamde ekstrinsieke benaderinge in die literatuurstudie, die biografiese, sielkundige en sosiologiese studies en die bestudering van idees in literatuur, kom ideologie in die algemene sin ter sprake omdat hierdie benaderinge telkens besig is om die manier waarop mense dink en leef en funksioneer te probeer verreken.[11]

In hierdie studies gaan dit om veel meer as landeskunde. Dit gaan ten diepste om 'n rekonstruksie van maniere van persepsie van 'n mens in 'n gemeenskap en die representasie van die persepsie in die literatuur. Die literêre aktiwiteit self en die gesindhede daaromtrent gee baie inligting oor die denkpatrone en gesindhede van die gemeenskappe – die sogenaamde "scenes of writing" is per slot van sake ideologies bepaal en bepalend (vergelyk Brodkey 1987).

Terloops, landeskunde speel steeds 'n belangrike rol in die praktyk van die dosering van die literatuur, veral vir tweede en derde taal sprekers.[12] Hoe problematies dit ook al in 'n wetenskaplike benadering is, kan 'n mens onder meer in die soeke en gebruik van hierdie soort gegewens 'n behoefte sien om die ideologiese klimaat (wat ook as 'n sisteem of 'n kode beskryf kan word) van die skrywer en sy werk te ken en begryp.[13]

Die belangrikheid van die rol van die gemeenskap waarin en waaruit geskryf word, word egter elders in die literatuurwetenskap deeglik beredeneer. John M. Ellis (1974) se slotsom in sy logiese analise van die teorie van literêre kritiek is dat die funksie van literatuur in 'n gemeenskap 'n bepalende rol speel. Roger Fowler (1981) gebruik 'n linguistiese benadering tot literatuurstudie omdat literatuur in die eerste en laaste instansie 'n diskoers is, dus 'n taalhandeling wat binne 'n sosiale struktuur funksioneer soos ander diskoerse.[14]

Die Sowjet-semiotiek lê baie sterk klem op die verhouding tussen teks en tekseksterne verbande. Lotman (1977: 217 e.v.) beskryf selfs binnetekstuele verbande in die metaforiek van 'n bepaalde ideologie as hy handeling as die rewolusionêre element in 'n verhalende teks beskou omdat handeling in 'n verhaal altyd 'n grens oorskry. Kodes wat binne gemeenskappe funksioneer en so kommunikasie moontlik maak, is uiteindelik die sentrale konsep in die semiotiek (vergelyk Eco 1976: 8 e.v., 261).

Fokkema (1984: 5-8) gebruik die konsep sosiokode as basis vir 'n model van literatuurgeskiedskrywing. Die begrip bied die moontlikheid om literatuur en literêr-aanverwante sake in die beskrywing te inkorporeer omdat die literatuur in 'n kommunikasiesituasie tot stand kom. 'n Sosiokode word gedefinieer as "the code designed by a group of writers often belonging to a particular generation, literary movement or current and acknowledged by their contemporary and later readers. Together these writers and their readers form a semiotic community in the sense that the latter understand the texts produced by the former" (Fokkema 1984: 11).

'n Baie belangrike teoretikus wat hier genoem moet word, is Mikhail Bakhtin. Die Bakhtin Skool behou selektief bande met die Russiese Formalisme, maar plaas sterk klem op die ideologiese aspekte van literatuur omdat hulle aanvaar dat taal en ideologie onlosmaaklik verbonde is. Bakhtin praat van die dialogiese beginsel (daar is tog 'n verskil tussen dialogies en dialekties): dit gaan vir hulle om taal en diskoers as sosiale verskynsels omdat "consciousness itself can arise and become a viable fact only in the material embodiment of signs" (Selden 1985: 16; vergelyk ook Todorov 1984).[15]

Uiteindelik sien die dekonstruksie mens, taal, gemeenskap en ideologie as betrokke in 'n voortgaande intertekstuele diskoers.

Voorbeelde van studies oor verskillende aspekte van die verhouding tussen literatuur, taal, gemeenskap en ideologie word dus in hermeneutiese, resepsie-estetiese, logiese, linguistiese, semiotiese, dekonstruktiewe en selfs formalistiese benaderinge gevind. Daar is telkens net 'n klemverskuiwing en die plaas van 'n bepaalde aksent wat saamhang met die epistemologiese vooronderstellings van dié spesifieke benadering.

Dit gaan hier nie net om die feit van die verskillende benaderinge nie, maar ook om die verskeidenheid van lesings van tekste en die steeds groeiende korpus van nuwe en herhaalde lesings van ou en nuwe tekste wat as 'n feit hieruit blyk.

In mindere of meerdere mate groei die bestudering van literatuur in sosiale verband uit 'n aanvoeling vir die onontkombaarheid van die belang van verbande tussen mens, taal en gemeenskap. Hierdie verskynsel word deur Sheila Friedling (1973) ondersoek en sy kom tot die gevolgtrekking dat literatuur 'n representasie van 'n persepsie van 'n bepaalde bewussyn is en dat "the representation of consciousness ... is linked to ways of perception that are both cultural and individual". Sy verduidelik: "When we speak of a cultural mode of perception, then, we mean the way of seeing and knowing that is bound to the psychological and epistemological assumptions of its leading innovators. For the artist representation is always founded on perception and is a formal or structural arrangement that reflects the world absorbed and modified by the individual who is part of it. Since perception is transformed into representation, the cognitive content of art refers not only to the ability of an art work to offer historical, actual, or possible truths, but rather to convey, in its themes and structure, the modes of individual and cultural perception" (Friedling 1973: 2).

'n Mens kan hierdie siening aan die hand van voorbeelde toets. Die negentiende-eeuse roman vertoon 'n statiese wêreldbeeld omdat mense die wêreld so beleef en so verstaan het. T.E. Lewis (1979) ondersoek die manier waarop die negentiende-eeuse roman die negentiende-eeuse historiese werklikheid representeer waar hierdie werklikheid gedetermineer is deur bepaalde ideologieë wat die kulturele praktyk en proses en die siening van geskiedenis bepaal. Die modernistiese roman presenteer voorlopigheid, epistemologiese twyfel, metalinguistiese skeptisisme omdat die werklikheid in hierdie terme beleef en verstaan is. Fokkema (1984) verreken die aard van die modernistiese kuns deur hierdie eienskappe as 'n sosiokode te beskryf. 'n Ander interessante voorbeeld is Jauss se ontleding van die misantroopkarakter in drie uiteenlopende dramas.[16]

Die literatuur is 'n gemedieerde medium en die mediasie is onderhewig aan ideologiese beperkinge en moontlikhede, wat taalmatig in die teks na vore kom. Die ideologiese denkpatroon bepaal die persepsie en die taal en word ook deur die persepsie en taal tot stand gebring.[17] Die literatuurstudie is 'n verdere proses van mediasie onderworpe aan dieselfde moontlikhede en beperkinge: lesings van lesings van lesings van tekste perpetueer die mediasieproses teoreties ad infinitum.

## 2.2 Ideologiekritiek

Teenoor die implisiete bestudering van ideologie in die literatuur, staan die kontemporêre ideologiekritiek wat direk by die Marxistiese filosofie en ideale aansluit.

In hierdie artikel word slegs enkele kernuitsprake van Jameson en Eagleton bespreek, omdat hulle beskou word as die toonaangewende literatuurwetenskaplikes wat ideologiekrities en Marxisties met die literatuur omgaan (vergelyk Dowling 1984).

- Dit gaan in die benadering om die radikale historisering van mentale prosesse: die inhoud van 'n analise en die metode van die analiseerder word in die teks/verskynsel ingesluit.
- Hierdie benadering is eksplisiet besig met die historisiteit van die subjek, dit wil sê die konsepte en kategorieë waarmee die subjek funksioneer (Jameson 1981: 9, 47).
- Volgens Jameson word alle ander benaderinge in hierdie benadering opgeneem en ondervang deur aan hulle gedeeltelike en historiesbepaalde tydelike geldigheid te gee. Hy gebruik die beeld van Tiresias wat bloed drink en momenteel weer kan praat. In die gees van 'n meer outentieke dialektiese tradisie kan selfs skynbaar antagonistiese en onversoenbare metodes binne die (volgens Jameson) ontransendeerbare horison van die Marxistiese (overgesetsynde ware) historisisme tuisgebring word as historiese momente op sigself.
- Jameson (1981: 18) respekteer die spesifieke en radikale aard van die sosiale en kulturele verlede maar spesifiek in die rekonstruksie of herkenning van die solidariteit van hierdie polemiek, passie, vorm, struktuur, ervaring, ensovoorts met dié van vandag (vandag as die hede). Die maatstaf is dus die huidige situasie (in watter hede ook al) en die probleme wat daardie situasie bepaal.
- Jameson (1981: 47) verduidelik hoe die teorie van die metode dialekties is deurdat nosies opgevolg en ontwikkel word om idees te vorm. Daar word dus radikaal weggedraai van konsepte wat statiese begrippe is. Hy stel egter duidelik dat die praktiese metode wat met hierdie teorie saamgaan, ideologie-analise en polemisering is, juis ter wille van die Marxistiese ideale om aan die klassestryd deel te hê.

Oënskynlik maak die benadering oop – in die akkommodering van 'n verskeidenheid tegnieke en strategieë en in die idee van die nosies. By nadere beskouing word hierdie moontlikhede egter uitgekanselleer in die spesifieke inhoud van die metode, naamlik die Marxistiese opvatting dat alles polities van aard is en uiteindelik met magstrukture te make het (Jameson 1981: 21; Eagleton 1983: 196). Die uiteindelike doelstelling is 'n praktykbepaalde situasie wat deur middel van 'n bepaalde ideologiese denkpatroon verklaar word. Literatuur en literatuurstudie as sodanig bestaan nie (of behoort nie te bestaan nie) want wat daar is en hoe dit bestudeer word, is irrelevant. Die relevante en geldige vraag is *hoekom*? Die redes vir literatuur en literatuurstudie is waarom dit gaan. Dit wil egter voorkom asof die hoekom ook op 'n

spesifieke manier beantwoord moet word. Dat almal literatuur vir een of ander doel gebruik – al word dit nie altyd erken nie – moet toegegee word, maar vir die ideologiekritiek is slegs die Marxisties-politiese gebruik van literatuur (in 'n baie verfynde en gespesialiseerde vorm) aanvaarbaar.

Uiteindelik speel die rewolusie 'n bepalende rol. Jameson sien die geskiedenis "as a committed Marxist must, as a nightmare from which the only escape lies in political and social revolution" (Dowling 1984: 12). Die vraag ontstaan dadelik of voortgaande verandering juis rewolusionêr hoef te wees. Daar is baie filosowe uit uiteenlopende beskouinge (byvoorbeeld sowel uit die dekonstruktiewe as uit die Christelike benadering) wat rewolusie nie as noodsaaklik of onontkombaar beskou nie, maar wat konstruktiewe verandering aanvaar.

## 3 Literêre tekste en ideologie

Die kwessie van ideologie en literatuur word nie makliker gemaak deur die variasie en verskeidenheid in die literatuur self nie. Nie dat dit vir Marxistiese ideoloë 'n probleem is nie. Aangesien die inhoud van werke irrelevant is en slegs die feit daarvan in die ideologiese diskoers 'n plek het, word die soort probleme ter syde gestel.

Dit wil egter voorkom asof daar aangaande die heel eenvoudige onderskeid tussen openlik betrokke tekste en sogenaamde modernistiese of postmodernistiese of enige ander vorm van oënskynlik nie-betrokke tekste ernstige probleme na vore kom.

Oppervlakkig beskou veroorsaak die eksplisiet betrokke teks nie 'n probleem in die ideologiese debat nie. By nadere beskouing is daar wel vrae. Dit wil voorkom of die ideologiekritiek verkies om met nie-betrokke tekste as voorbeelde te werk wanneer hulle hulle teorie illustreer.[18] Afgesien hiervan gee hulle myns insiens nie op bevredigende wyse rekenskap van die probleem dat die ideologiekritiese benadering sy eie ideologie ondermyn wanneer hy met 'n teks werk wat dieselfde ideologie huldig of selfs bevorder nie. Word daar iewers 'n ander leesstrategie vir hierdie soort tekste uitgewerk?

George Orwell sê in sy essay "Why I write" (1980) dat daar vier motiewe is wat 'n skrywer laat skryf: suiwer egoïsme (om 'n nuusmaker te wees), estetiese entoesiasme (bloot ter wille van die estetiese spel met klank en struktuur), om historiese gegewens te dokumenteer (om iets van jou tyd vas te vang en te probeer behou) en om politieke motiewe. Orwell (1980: 28) sê self hy skryf "to make political writing into an art". Hy glo verder dat alle skryf uiteindelik polities van aard is omdat 'n sekere beeld van die wêreld voorgehou en gesanksioneer word, in der waarheid opgebou word en vormend inwerk op die werklikheid. Die polities bewuste skrywer het volgens Orwell 'n beter kans om polities op te tree sonder om sy estetiese en intellektuele integriteit prys te gee.

Orwell ontleed byvoorbeeld die weekblaaie vir seuns wat vroeg in die eeu in Engeland so gewild was. In "Boys' Weeklies" (1914) toon hy aan hoe hierdie verhale deur 'n spesifieke ideologie geïnspireer is en bepaal word. Hy toon die manipulasies en strategieë van die skrywer aan en verduidelik hoe,

volgens 'n vaste ideologiese sisteem, mense as goed of sleg, aanvaarbaar of onaanvaarbaar voorgestel word.

Orwell se betoog is egter self 'n manipulasie ter wille van 'n ander stel ideologiese opvattings en dit kan baie duidelik aangetoon word.[19]

'n Teks wat nie sy betrokkenheid vooropstel nie of selfs nie daarvan bewus is nie, is vir die ideologiekritiek 'n avontuur. Hulle vind die versweë ideologie in die oop plekke en in die krake en in die stiltes agter die teks. Uit die voorafgaande redenasie oor die ideologiese onderbou van menslike denke en doen, is dit 'n geldige onderneming. Dit impliseer egter wel deeglik 'n analise van die inhoud van teks: hoe anders word oop plekke en krake geïdentifiseer?

'n Verdere probleem is die fragmentariese aard van die literatuur. 'n Teks kan nooit meer as 'n fragment wees nie – as uiting of as belewenis. Die oop plekke, krake en stiltes is dus in meerdere mate gefragmenteerd. Om koherente en geldige ideologiese konklusies uit fragmente van fragmente te maak en hierdie konklusies in 'n sisteem in te pas, kan 'n lukrake onderneming wees (Markiewicz 1979: 130).

Verskeie literatuurwetenskaplikes plaas vraagtekens oor die ideologiekritiek se afrekening met die teks self. Want die literatuur self werp mure op in die pad van 'n reglynige onderneming; die literatuur funksioneer graag in 'n labirint. Die antwoord van die ideologiekritiek dat die inhoud ondergeskik is aan die versweë ideologie wat uit die teks geabstraheer word en waarmee die teks verduidelik moet word, stel gewoon nie tevrede nie, omdat daar legio probleme opduik wat nie behandel word nie. Teoreties kan daar altyd iets nuuts, iets relevant, iets insiggewend wees in 'n teks. Die suiwer ideologiese werkwyse plaas 'n vraagteken oor die integriteit van die dialogiese aard van hierdie soort dialektiek. As jy vanuit 'n bepaalde subjektiewe vertrekpunt op 'n bepaalde soort aktiwiteit met bepaalde resultate afstuur, is daar min plek vir ware gesprek. So 'n werkwyse is inherent apodikties.

Ideologiekritiek is gewis nie eenvoudig nie, en die bydraes van mense soos Jameson en Eagleton moet nie onderskat of nagelaat word nie. Die problematiese verhouding tussen dekonstruksie en ideologiekritiek (hoe dekonstruksie in die ideologie-kritiek gebruik word), bly myns insiens onopgeklaar. Volgens Degenaar duld dekonstruksie geen gesagstruktuur nie (soos blyk uit antwoorde op vrae by die SAVAL-kongres, Maart 1989), maar Liebenberg (1987) verskil hiervan. Dit is egter 'n probleem op sigself.

Daar is 'n verskeidenheid van komplikasies rondom die lees van tekste en ideologiese kwessies. *Dagboek van 'n verraaier* van J.C. Steyn is byvoorbeeld enersyds as primêr betrokke werk gelees en deur sommige kritici nie hoog aangeskryf nie. Brink en Lindenberg (Van der Merwe 1988) vind albei die verteller 'n half hopelose en onindrukwekkende mens, maar ander lesers vind meer in die teks. Al sou 'n mens die meriete van die novelle buite rekening laat, is dit tog opvallend dat Elize Botha (1987: 114 e.v.) 'n komplekser ideologiese verraad in die teks vind as diegene wat die teks as betrokke literatuur gelees het. Dit gaan om 'n totale verraad teen die ideologiese patroon waarin die hoofkarakter hom bevind – polities, ja, maar ook as akademikus en veral in sy persoonlike menslike verhoudinge. Botha toon oortuigend aan dat die liefde vir Anton nie platonies van aard is nie sodat die

patroon van voortreflike Afrikanerwees ook op hierdie vlak verraai word. Die verraad word deur 'n gedeeltelik onbetroubare verteller verskuil en die implikasie kan maklik verborge bly. Dikwels bring latere lesings verrassende insigte wat aanvanklik nie raakgesien of opgevolg is nie. En dit is weer duidelik dat 'n teks nie deur een soort lesing uitgeput word nie.

Oor onbetroubare vertellers en fokalisators kan boeke volgeskryf word. As ons mnr. Y in *18-44* op sy woord neem en hom as knolskrywer lees, sal ons nie weet hoe hy die ideologiese patrone van die eerste gedeelte van die twintigste eeu aan die orde stel nie. Variasies van onbetroubare vertellers bly onontgin as 'n mens nie na Nabokov se werk gaan kyk nie. Waarin lê die trefkrag van hierdie skynbaar onbetrokke, amper sadistiese vertellers? Gaan dit nie onder meer oor 'n ongenadige blootstelling, selfs uitlewering van die mens as 'n selfgesentreerde wese nie? Die feit bly dat die uitwerking van so 'n tegniek geweldig is.

*The French Lieutenant's Woman* van Fowles onderneem self 'n ondersoek na die ideologiese ooreenkomste en verskille tussen die Viktoriaanse periode en die Engeland van die sestigerjare (al is dit volgens 'n bepaalde Engelse verteller/skrywer se siening). Dit word gedoen deur op 'n breë basis gegewens aan te bied – vanaf inligting oor Mrs Poulteney se onuitgesproke lewensbeskouing (ideologie?) dat "Civilization is soap" en "Respectability is what does not offend me" tot by intellektuele gesprekke oor die Viktoriaanse vrou se kruis (of ontvlugting? of magstrategie?), naamlik melankolia. Nog meer, deur verskillende skrywersgestaltes in die roman in te skryf, word die modi van skryf in die twee tydsgewrigte bygehaal, eintlik in werking gedemonstreer. Op artistieke wyse (wat ook onderhoudend en vermaaklik is) word ideologiese kwessies hier aan die orde gestel.

Die elitistiese en hiperindividualistiese aard van die modernistiese tekste van Joyce, Mann, Woolf en Nabokov is onbetwis – en as sodanig vir die ideologiese benadering problematies. Maar die ideologiese implikasies van hierdie tekste (afgesien van die ideologiese stramien waarop hulle geweef is) is onontkombaar. As Harry Levin (1966: 194-195) sê dat hierdie tekste "a glow of ethical insight" bewerkstellig, is dit onder meer omdat hy agter die modernistiese taalkompleksiteite en artistieke tegnieke 'n worsteling met die mitiese vrae van die menslike syn vind. Die modernis pretendeer nie om antwoorde te gee nie, dit gaan juis om 'n soeke na nuwe sinvolle maniere van dink en doen omdat die voorafgaande patrone en die bepalende ideologie daaragter gestagneer het.

Die vraag is of al hierdie gegewens (inhoudelik en esteties-tegnies) verreken kan word in 'n benadering wat temporeel en ruimtelik aan 'n vaste historiese moment (telkens 'n nuwe hede) en 'n bepaalde ideologie gekoppel is wat as vertrekpunt en maatstaf geneem word. Kan jy dan ooit van die beperkinge van daardie hede ontkom? Is dit goed genoeg om te sê dat bespiegelinge oor melankoliese Viktoriaanse vroue sinloos is as die kapitalisme voortgaan om mense en die natuur uit te buit? Fowles spreek dan juis die posisie van die vrou aan en die onderdrukking van die vrou is een van die troetelonderwerpe van ideologiese studies (veral Eagleton koppel ideologie en feminisme voortdurend).

Kan dit nie dalk gebeur dat daar juis binne 'n bepaalde hede dieselfde dinge tot vervelens toe oor en oor gesê word nie? In die literatuur sou dit kon lei tot epigonisme.

As 'n mens jou oopstel vir die teks vind jy in 'n teks soos *'n Ander land* dat die hoofkarakter, Versluis, eers die dood kan aanvaar wanneer hy die lewe kan aanvaar: met sowel al die onbenullige irritasies as die grootsheid daarvan. Dit sou dan ook kon beteken dat die eksistensiële bestaan van hier en nou nooit buite rekening gelaat mag word nie.

Bestaan die gevaar nie dat al hierdie dinge verlore gaan as die feit van die teks oorheers nie? Is die ideologiekritiek nie in gevaar om die "regte" antwoorde te gee, al is gans ander vrae gestel nie?[20]

## 4 Samevattende redenasie

Jameson (1981: 14) sluit sy voorwoord in *The Political Unconscious* af deur geskiedenis en literêre teorie te stel teenoor 'n derde moontlikheid wat die ander twee transendeer. Hierdie derde moontlikheid is dan die Marxistiese benadering wat teorie en geskiedenis inkorporeer en transendeer. Hy begin sy redenasie soos volg:

> This book will argue the priority of the political interpretation of literary texts. It conceives of the political perspective not as some supplementary method, not as an optional auxiliary to the interpretive methods current today . . . but rather as the absolute horizon of all reading and all interpretation.
>
> (Jameson 1981: 17)

Al neem 'n mens Jameson se verduideliking van hoe ander metodes en tegnieke in die ideologiese betoog opgeneem word, in ag, bly dit 'n vraag of alle voorafgaande teorieë en tekste 'n uiteindelike tuiste in hierdie bepaalde benadering kan vind. Sulke ekstreme stellings, volgens eie uitspraak radikaal, klink nogal aanmatigend. Is dit werklik moontlik om alles wat in die wêreld filosofies, esteties, kreatief en konkreet tot bestaan gekom het en alles waarvan ons nie weet nie onder een enkele denksisteem tuis te bring?

Al word geredeneer dat die siening van die geskiedenis as 'n reeks momente in opeenvolgende hedes en 'n voortgaande dialektiek dinamiek moontlik maak, is die spesifiek Marxistiese inhoud van die benadering telkens weer die bril waardeur menslike geskiedenis en kultuur beskou en beoordeel word. Die hele breë stroom van menslike aktiwiteit oor tyd en ruimte heen, word in een groot poel ingestuur waarbinne alles net in 'n stadige sirkelgang beweeg.

Watter bewys of waarborg het ons dat hierdie derde moontlikheid die uiteindelike is? Of selfs dat hierdie rigting heil inhou? Bewyse is daar nie, net ideologiese oortuigings.

Daar is baie teenstrydighede in die benadering.

- Daar word gesê dat alle gegewens histories van aard is en dat alles gehistoriseer moet word, maar die eis van bepaalde subjektiewe vooronderstellings bring tog die organiese historiese proses tot stilstand. Markiewicz

(1979: 119) haal Scherbina soos volg aan: "Primite pseudo-ideologizing of culture not only deforms the authentic meaning of the very concept 'culture', it also interrupts its continuity and traditions, at the same time depriving its development of the real historical soil".

- Veronderstel alle literatuur en lesings van die literatuur is materialisties-dialekties van aard. Waar gaan daar dan tekste gevind word om aan die ideologiekritiek te onderwerp? As ons egter toegee dat verskillende ideologieë so kan funksioneer, kan die proses voortgaan.[21]
- Die basiese oogmerk van die ideologiekritiek is om die ideologiese patrone in tekste te ontmasker en af te breek. Tog word 'n ideologiese meesterpatroon voorgestaan. Die teks word dan eintlik oorgeskryf in 'n ander ideologie, 'n spesifieke ideologie.
- Volgens die Marxistiese siening kan die teks as sodanig (nie die inhoud daarvan nie) slegs 'n funksie vervul in 'n pragmatiese benadering van hier en nou. Die moontlikheid van 'n sinvolle inhoud word per definisie uitgesluit. Die vermoë van die kuns om kennis, insig en aanvoeling panoramies oop te slaan, 'n vermoë wat in elke moontlike literatuurbeskouing aan die orde gestel word, word geïgnoreer. Die vermoë van die literatuur om die grense van die denke uit te stoot, om intuïsie te aktiveer, bly onbespreek. Markiewicz (1979: 132) wys byvoorbeeld daarop dat "the scope of literary creativity accepted by the reader is ideologically considerably broader than the ideology professed by him". Hierin ondermyn die ideologiekritiek weer eens sy eie moontlikhede.
- Die tot nog toe onverklaarbare vermoë van die literêre teks om meer te sê as enige verduideliking of interpretasie daarvan, dit wil sê die eienskap dat 'n teks nie reduseerbaar is tot 'n rasionele of wetenskaplike reeks stellings nie, word omseil. Wat van ironie en parodie of watter ander kunsgreep ook al? Kan dit wees dat die teks nie toegelaat moet word om te praat nie? Systap hierdie werkwyse nie dié kwessies deur ander kwessies voorop te stel nie? En kan 'n mens nog van dialoog en dialektiek praat as daar geen gesprek is nie, maar 'n outoritêre uitspraak in 'n baie spesifieke retoriek oor die beperkinge van die teks?
- Eagleton (1983: 197) reken af met sowel die inhoud van die literatuur as met die metodes van literatuurstudie. Ons mag net vra hoekom ons die literatuur bestudeer. Die regte antwoord is dan om die literatuur prakties te implementeer om te help "to wrest a realm of Freedom from a realm of Necessity" (Jameson 1981: 19). Nou is die vraag: indien iemand 'n ander antwoord wil gee, oortree hy die reëls van die meesterpatroon? Wat ook al gevra word, word die antwoord nie altyd in politieke en ideologiese terme gegee nie? Is die implikasie dat sekere vrae ongewens is, of het iemand byvoorbeeld die reg en vryheid om te vra na kunsgrepe? Word die vraag nie bepaal sodat 'n bepaalde antwoord moet volg nie en word die retoriek nie ook bepaal nie?
- Eagleton (1983: 201) toon aan dat akademiese gesprekke volgens ideologiese kodes gemonitor en beoordeel word, maar as hy hierdie kardinale vraag so vas bepaal, bepaal hy dan nie ook daarmee die maatstaf vir sy eie beoordeling van diskoerse nie? In der waarheid is die hele redenasie aan

dieselfde ideologiese beperkinge onderhewig as die diskoerse wat ontmasker word.

- Die gebruik van die nosie as 'n sigself dialekties ontwikkelende idee en die inkorporering van vorige tekste hou ook nie heeltemal steek nie. Word die nosie nie deur die subjektiewe vertrekpunt bepaal nie en is die inkorporering van ouer metodes en gegewens nie gereduseer as hulle net relevant is in die mate waarin hulle solidêr is met 'n huidige problematiek nie?
- Wanneer dekonstruksie en ideologie saam gebruik word, word die onderneming ongelooflik kompleks. Die voortbeweeg op 'n pad wat so met ideologiese dorings en dekonstruktiewe relatiwiteite besaai is, vereis 'n besondere soort intellektuele gimnastiek. Waar hou die relatiwiteit op en waar begin die pragmatiese aspek van die ideologiese betrokkenheid?
- Wat nie oor die hoof gesien kan word nie, is die inhiberende uitwerking van die ideologie-kritiese metode op skryf – sowel kreatiewe skryf as akademiese en kritiese skryf en praat. Om woorde te besig, beteken gewoon om jouself as teiken te stel vir 'n ideologiese disseksie – terwyl die disseksiemes en instrumente net vir 'n spesifieke doel ontwerp is.
- In die laaste instansie is die diskoerse van die ideologiekritiek steeds gemedieer en selfs meermalig gemedieer. Mediasie in taal is altyd ideologies bepaal en beperk. Dit bring mee dat die Marxistiese ideologie ander ideologieë kritiseer vanuit 'n bepaalde ideologiese standpunt terwyl dit op 'n soortgelyke wyse vasgevang is in 'n eie ideologiese siening en die ideologiese implikasies van die taal en metaforiek wat hulle gebruik.
- Ontmaskering van die versweë ideologie in Marxistiese ontmaskerings van ander versweë ideologieë kan dalk verrassend verloop. Is die veronderstelling nie dat die versweë en die uitgesproke ideologie bots nie? Wat is die versweë ideologie agter die uitgesproke ontmaskering?

Dit wil voorkom asof dit hier gewoon gaan om wat mense glo. Daar is geen bewys dat die Marxistiese ideologie 'n utopie kan bewerkstellig nie, nie in die literatuur nie en ook nie in die praktyk nie (die dramatiese politieke veranderinge in Oos-Europa is seker vanselfsprekend). Die noodsaak om aktuele vraagstukke te probeer oplos, word nie hiermee bevraagteken nie. Inteendeel, dit is en bly 'n prioriteit. Maar dit is in verskillende ideologiese benaderinge 'n prioriteit. Net so kan die ideologie in en agter 'n teks vanuit verskillende ideologiese raamwerke nagegaan word. Die reduksie wat impliseer dat alle menslike aktiwiteit slegs binne een bepaalde ideologiese patroon betekenis kan hê, moet ernstig bevraagteken word.

Jameson (1981: 19) sê: "My position here is that only Marxism offers a philosophically and ideologically compelling resolution to the dilemma of historicism . . . Only Marxism can give us an adequate account of the essential mystery of the cultural past . . .".

Sulke uitsprake is konfessioneel van aard – dit gaan daarom dat 'n mens iets glo. In hierdie opsig funksioneer die ideologie dus as 'n gesekulariseerde religie. Dit illustreer ook hoe in die literatuurstudie elkeen steeds sy eie ideologiese sisteem probeer verkoop onder sy eie voorwaardes wat ander

sisteme outomaties uitsluit. Dit lyk ook asof dit is wat mense nog maar altyd gedoen het, gewoon omdat hulle sekere dinge glo.

Van die werking van die menslike gees ten opsigte van wat hy glo, wat hy verkies om te glo, waartoe hy genade gekry het om te glo, weet ons min – dit behoort tot die terrein van die nie-weet (vergelyk Popper 1979).

Vir die dialektiese materialisme is die misterieë van die hele geskiedenis van menswees en van artistieke vermoëns blykbaar maklik te verklaar. Vir ander mense wat hulle met die literatuur besig hou, is dit nie. Die Marxis glo hy kan alles weet wat vir hom hier en nou nodig is om te weet, ander mense glo hulle kan dit nie weet nie en hulle hoef ook nie alles te weet nie. Die Marxis het die misterie nie nodig nie. Vir ander is dit nodig om te glo daar is, in René Girard se woorde "things hidden since the foundation of the world".

## Aantekeninge

1. Ek weerhou my doelbewus van 'n definisie van teks – 'n definisie het op sigself ideologiese implikasies en dit is 'n vraagstuk op sigself.
2. Bronne geraadpleeg vir 'n omskrywing van ideologie: Goudzwaard (1981), Elaine Botha (1984), Lewis Feuer (1975), Patrick Corbett (1965), Markiewicz (1979), Coward & Ellis (1977), Jameson (1981), Eagleton (1983), Jefferson & Robey (1982). Vergelyk ook Dowling (1984).
3. Nadere verwysings na enkele ander definisies van ideologie: Corbett (1965: 12-13); Feuer (1975: 1); Coward & Ellis (1977: 67); Markiewicz (1979: 116-117).

   Althusser se siening van ideologie as 'n representasiestruktuur wat die individuele subjek in staat stel om dit wat hy/sy beleef in verhouding tot transpersoonlike werklikhede waar te neem of te begryp, bevat dieselfde elemente as ander definisies maar met 'n klemverskuiwing in die siening van die representasiestruktuur (vergelyk Jameson 1981: 30). Vergelyk ook Dowling (1984: 132-134) se uiteensetting van 'n ideologeem.
4. Goudzwaard (1981) onderskei vier stappe in die ontwikkeling/werking van 'n ideologie:

   1 'n bepaalde gegewe in die werklikheid word uitgesonder;
   2 dit word as doel verselfstandig;
   3 dit word tot gebod verhef;
   4 uiteindelik word offers geëis ter wille van hierdie saak.
5. Baie eienskappe van 'n ideologie is dieselfde as die van 'n religie, met die primêre en grondliggende verskil dat die bron van kennis en gesag in religie in 'n bo-menslike, buite-aardse godheid setel. 'n Ideologie funksioneer as 'n soort konfessionele sisteem gerig op die werklikheid self, waar religie gewoonlik 'n verlossing van die aardse onvolkomenheid aandui. Soteriologiese vrae word in religie volgens 'n openbaring geantwoord, terwyl ideologiese antwoorde in die werklikheid self gelokaliseer is en dikwels op 'n rasionale basis berus.
6. Volgens Popper (1977, 1979) is die taak en toetssteen vir 'n kennisteorie die rekenskap wat gegee moet word van wat die mens weet en wat hy nie weet nie en die verhouding tussen weet en nie-weet. In die spanning tussen weet en nie-weet setel probleme, maar deur die pogings om probleme op te los, word kennis verwerf.

   Hoewel mense baie dinge weet, word niks werklik geken voordat die probleem van die kennelike teenstrydighede tussen veronderstelde weet en veronderstelde

feite behandel is nie. Hoewel hierdie spanning nooit oorkom kan word nie, is dit die opgaaf van die wetenskaplike aktiwiteit om voort te gaan met die proses (Popper 1977: 14 e.v.).

7. Nethersole (1982) gee 'n baie duidelike uiteensetting van die geskiedenis en die ontwikkeling van die hermeneutiek.
8. Die hermeneutiek (vergelyk Nethersole 1982) bestaan vanaf die eksegetiese lesings van Homeros, maar daar is later ander modelle ontwikkel, byvoorbeeld die van Origenes of Augustinus.
9. Jauss se teorie is veel meer kompleks en regverdig 'n grondige studie – dit kan nie net sommer tot die historiese komponent gereduseer word nie, hoewel die historiese verantwoording die mees opvallende aspek is.
10. Die onbepaaldheid van die teks is 'n eienskap van die geskiedenis van die teks en van die lesings van die teks, nie van die teks as sodanig nie, volgens Hannelore Link (Fokkema & Kunne-Ibsch 1978: 46). Mukařovský en Jauss stel dat die artefak 'n konstante gegewe is – die estetiese objekte verander en ontwikkel.
11. Wellek & Warren (1976) se opsomming van die mees relevante ekstrinsieke benaderings kan hier genoem word. Al stem hulle nie daarmee saam nie, gee hulle tog 'n goeie oorsig.
12. Landeskunde word steeds as uitgangspunt geneem by veral die onderrig van letterkunde in die tweede en derde taal. Dit word in die praktyk as noodsaaklik beskou al is dit teoreties problematies.
13. As voorbeeld kan die onbetrokke betrokkenheid van die Moderniste genoem word: hulle verlaat die land van hul herkoms, hulle woon graag op ander plekke, hulle verkies die reis, die oop venster bo die aanvaarding van groepsgebondenheid en verbondenheid. Die ideologiese implikasies hiervan is die aflê van die eie ter wille van afstand en insig – 'n relativering van sterk groepgerigte ideologie, wat op sigself weer 'n ideologie is.
14. Fowler (1981) stel 'n omvattende werkwyse voor, wat wyer as blote taalstrukture na taal wil kyk.
15. Baie poststrukturalistiese konsepte kan tot by Bakhtin teruggevoer word, byvoorbeeld intertekstualiteit, die dialogiese aard van die teks en die konsep van die "ander" (vergelyk Todorov 1984).
16. Jauss (1983) gee eers tipologieë van karakters in die verskillende tydperke waaruit die drie onderhawige dramas kom. Dan ontleed hy *Dyskolos* van Menander, *Le Misanthrope* van Molière en *Der Schwierige* van Hofmansthal. Na aanleiding van die konsepte van die gierige, suinige mens in die verskillende tydperke, is die dramas vir hulle kontemporêre gehore snaaks. Vir gehore uit ander tydperke gaan veel van die oorspronklike humor, komedie verlore.
17. Sonsondergange het nie in die tyd van Monet en die ander impressioniste anders gelyk as daarvoor of daarna nie – die impressioniste het dit anders gesien. Gertrude Stein verduidelik hoe Picasso die wêreld anders gesien het (Friedling 1973: 7). Virginia Woolf het gesê: "On or about December 1910 human nature changed", en D.H. Lawrence: "It was in 1915 the old world ended" (Bradbury & McFarlane 1976: 33). Tog het mense nie so drasties verander as wat die *siening* van mense verander het nie.
18. Vergelyk Liebenberg se analise van "Winternag"-lesings in Senekal (1986), sy analise van Raka by die ALV-hoofkongres, September, 1988; Klopper se artikel oor die verdwene "bushboy" in JLS 3(4). Resensies is veral hier relevant.
19. Vergelyk die navorsing van A. de Lange oor Orwell (De Lange 1989).
20. Daar kan sekerlik irrelevante vrae oor 'n bepaalde teks gevra word: alle tekste is immers nie met alle sake gemoeid nie.

21. Vergelyk Markiewicz (1979: 129): "Thus, literary works become, to an increasing larger degree, open works, a manifold exposition, open to multiple ideological concretizations. Does it follow then that each is equally substantive and equally valuable? Of course not. The more substantive an interpretation the greater the areas of the text that are mobilized by it, and the fewer the places which do not succumb to it. An interpretation is that much more valuable the richer the values – among them also ideological values – crystallizing themselves in the reader's reception".

## Verwysings


Bakhtin, M.M. & Medvedev, P.M. 1985. *The Formal Method in Literary Scholarship.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Botha, Elaine 1984. Ideologieë: ons moderne demone. In: *Ideologiese stryd in Suider-Afrika.* Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F3: Nommer 22. Potchefstroom: PU vir CHO.

Botha, Elize 1987. *Prosakroniek.* Kaapstad: Tafelberg.

Bradbury, M. & McFarlane, J. (eds) 1976. *Modernism.* Harmondsworth: Penguin.

Brodkey, Linda 1987. Modernism and Scene(s) of Writing. *College English,* 49(4): 396–418, April.

Corbett, Patrick 1965. *Ideologies.* London: Hutchinson & Co.

Coward, R. & Ellis, J. 1977. *Language and Materialism.* London: Routledge & Kegan Paul.

De Lange, A.M. 1989. The Representation of Ideology: Orwell's (Re-)reading of "Boys' Weeklies". To be published in *Literator.*

Dowling, William O. 1984. *Jameson, Althusser, Marx.* London: Methuen.

Du Plessis, Jan 1984. Vryheid, vrede, veiligheid, voorspoed en voortbestaan! Die slagspreuk van elke ideologie. In: *Ideologiese stryd in Suider-Afrika.* Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F3: Nommer 22. Potchefstroom: PU vir CHO.

Eagleton, T. 1983. *Literary Theory.* Oxford: Basil Blackwell.

Eco, U. 1976. *A Theory of Semiotics.* Bloomington: Indiana University Press.

Ellis, J.M. 1974. *The Theory of Literary Criticism: A Logical Analysis.* Berkeley: University of California Press.

Felperin, Howard 1985. *Beyond Deconstruction.* Oxford: Clarendon.

Feuer, Lewis J. 1975. *Ideology and the Ideologists.* Oxford: Basil Blackwell.

Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. 1978. *Theories of Literature in the Twentieth Century.* London: Hurst & Co.

Fokkema, D.W. 1984. Literary History, Modernism and Postmodernism. *The Harvard University Erasmus Lectures,* Spring, 1983. Amsterdam: John Benjamins.

Fokkema, D. & Ibsch, E. 1984. *Het modernisme in de Europese letterkunde.* Amsterdam: De Arbeiderspers.

Fowler, Roger 1981. *Literature as a Social Discourse.* London: Batsford.

Fowles, John 1977. *The Magus.* (Revised version). Bungy: Triad.

Fowles, John 1982. *Mantissa.* London: Jonathan Cape.

Fowles, John 1985. *A Maggot.* London: Jonathan Cape.

Fowles, John 1987. *The French Lieutenant's Woman.* Harmondsworth: Pan.

Friedling, Sheila 1973. *Problems of Perception in the Modern Novel: The Representation of Consciousness in Works of Henry James, Gertrude Stein and William Faulkner.* Part 1. Ph.D. thesis, University of Wisconsin. (Photocopy – University Microfilms Inc.)

Girard, René 1987. *Things Hidden Since the Foundation of the World*. Stanford, CA: Stanford University Press.
Goudzwaard, B. 1981. *Genoodzaakt goed te wezen*. Kampen: J.H. Kok.
Jameson, Fredric 1981. *The Political Unconscious*. Ithaca, NY: Cornell University Press.
Jauss, H.R. 1974. *Literaturgeschichte als Provokation*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
Jauss, H.R. 1983. The Paradox of the Misanthrope. *Comparative Literature*, 35(4): Fall, 1983.
Jefferson, A. & Robey, D. (eds) 1982. *Modern Literary Theory: A Comparative Introduction*. London: Batsford.
Klopper, Dirk 1987. Ideology and South African English Poetry. *Journal of Literary Studies*, 3(4), March.
Leroux, Etienne 1967. *18-44*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Levin, Harry 1966. What was modernism? In: Levin, H. *Refractions. Essays in Comparative Literature*. New York: Oxford University Press.
Lewis, T.E. 1978. *The Novel and the Referent: Essays in the Semiotics and Ideology of Nineteenth-Century Novelistic Realism*. Ph.D. thesis, University of California, San Diego.
Liebenberg, W. 1986. "Winternag": van ideologie tot intertekstualiteit. In: Senekal, J. (red.) *Teks – Leser – Konteks*. Johannesburg: Perskor.
Liebenberg, W. 1987. Derivean Reading – A Critique of Deconstructive Criticism. *Journal of Literary Studies*, 3(4), March.
Lotman, J. 1977. *The Structure of the Artistic Text*. Ann Arbor: University of Michigan Press.
Malan, Charles (red.) 1983. *Letterkunde en leser*. Durban: Butterworth.
Markiewicz, Henryk 1979. The Work of Literature and Ideology. In: Odmark, J. (ed) *Linguistic and Literary Studies in Eastern Europe*. Vol. 1. Amsterdam: John Benjamins.
Nethersole, R. 1982. Literary Hermeneutics: A Way of Understanding Texts. In: Ryan, R. & Van Zyl, S. (eds) *An Introduction to Contemporary Literary Theory*. Johannesburg: Ad. Donker.
Orwell, G. 1946. *Critical Essays*. London: Secker & Warburg.
Popper, Karl R. 1977. De logica der sociale wetenschappen. In: Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, Elrud. (eds) *Tekstboek algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Amboboeken.
Popper, Karl R. 1984. Creative Selfcriticism in Science and Art. *Encounter*, LIII: 5.
Ryan, R. & Van Zyl, S. (eds) *Introduction to Contemporary Literary Theory*. Johannesburg: Ad. Donker.
Schoeman, K. 1984. *'n Ander land*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Selden, R. 1985. *A Reader's Guide to Contemporary Literary Thought*. Brighton: Harvester.
Senekal, J. (red.) 1988. *Donker Weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink*. Kenwyn: Jutalit.
Senekal, J. 1986. *Teks – Leser – Konteks*. Johannesburg: Perskor.
Todorov, T. 1984. *Mikhail Bakhtin: The Dialogical Principle*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
Tynjanov, J. 1971. On Literary Evolution. In: Matejka, L. & Pomorska, K. (eds) *Reading in Russian Poetics*. Cambridge, MA: MIT Press.
Van der Merwe, C.N. 1988. *Sirkel en sfeer: opstelle oor die literatuur en werklikheid*. Johannesburg: Perskor.
Wellek, R. & Warren, A. 1976. *Theory of Literature*. Harmondsworth: Peregrine.